Die Christelike mensbeskouing*

Prof. dr. P. de B. Kock

Die onderhawige tema, waaroor nog veel in Christelik-reformatoriese kringe besin sal moet word, is uiters aktueel en van kardinale betekenis vir ons lewe en werk en vir die verskillende vertakkings van die wetenskap.

Dat die aanpak hiervan *Christelik* is, nader Christelik-reformatories, beteken nie dat dit uit teologiese gesigshoek aangebied word nie. 'n Teologiese, d.w.s. Skriftuurlik-verantwoorde uiteensetting van dit wat die Woord oor die mens openbaar, is inderdaad van groot belang, maar hier gaan dit oor 'n menssiening vanuit die grondslae van 'n Christelike werklikheidsiening en wysbegeerte – 'n poging om antropologiese riglyne uit te stippel.

Bykans elke vertakking van die wetenskap kry met die probleem *mens* te doen. Die teologie diep dit wat in die Woord van God oor die mens gesê word eksegeties op en sistematiseer dit, maar so ook die natuurwetenskappe – bv. biologie, die mediese wetenskappe, biochemie en die psigologie in die engere sin van die woord – en die normatiewe of geesteswetenskappe. Daar is haas geen vertakking op hierdie gebied wat nie een of ander tyd met die probleem *mens* gekonfronteer word nie.

Elkeen van hierdie vakwetenskappe kan uit sy besondere gesigshoek belangrike boumateriaal versamel vir 'n omvattende antropologie of leer aangaande die mens, maar dit is die taak van die wysbegeerte om hierdie brokstukke en aspekte saam te vat en te sintetiseer tot 'n eenheidsbeeld.

Met Dooyeweerd kan ons stel dat – hoe daar ook al origens oor die mens en sy samestelling gedink mag word – dit bykans algemeen aanvaar behoort te word dat die mens in *drie* relasies in hierdie wêreld geplaas is.

Eerstens staan die mens in 'n verhouding tot die skepping met sy menigvuldige verskynsels wat ons uit ons ervaringswêreld ken. Hoewel daar uit hierdie ryk geskakeerde relasies veel sinvol oor die mens gesê kan word, is dit egter onmiddellik duidelik dat die mens vanuit hierdie één gesigshoek nooit in sy volle menswees verstaan kan word nie.

Tweedens is daar die inter-menslike relasie. In die kringe van die personalistiese wysbegeerte is getrag om die mens volledig te verstaan uit hierdie ek-jy-relasie (Martin Buber). Maar as die mens vir homself 'n geheimenis is, hoeveel te meer sy medemens? Weliswaar kan ons d.m.v. simpatieke belangstelling in ons medemens veel mensekennis opdoen, maar dan nog gaan ons dikwels as vreemdelinge by mekaar verby en bly daar geheime lê op die bodem van ons hart wat ons in inter-menslike relasies moeilik kan peil. Daarby staan die mens tot sy medemens in veelvuldige verhoudinge. Daar is liefdesverhoudinge wat

*Saaklike weergawe deur die Redakteur van T.C.W. van prof. Kock se Kongresreferaat op die Vier en Twintigste Jaarkongres van die VCHO te Pretoria, 28 September, 1973.

mense bind, die huisgenote van die geloof word met geloofsbande aan mekaar verbind, daar is regsbande, volksbande, familiebande, bande van ekonomiese aard en nog 'n verskeidenheid ander. Daarom ontstaan die vraag weer: uit watter een van hierdie baie verhoudinge moet ek nou eintlik die mens in myself leer ken? Sou die antwoord lui: uit almal saam, volg die volgende vraag: hoe word dit geïntegreer tot 'n eenheidsbeeld, tot *die mens*?

Derdens, en hier kan alleen die volslae materialis en ateïs verskil, staan die mens in 'n sentrale en totale verhouding tot sy oorsprong – vir ons as Reformatoriese Christene die Skepper-God, die Bestuurder van ons deel en lot, in Christus Jesus ons Vader wat in die hemele is.

Hierdie sentrale en totale verhouding, wat die menswees eintlik stempel vanuit worteldiepte, word helaas in die gangbare mensbeskouings geïgnoreer en doodgeswyg terwyl dít juis die *vertrekpunt* moet wees vir elke mensleer. In dié verband is Stoker se beeld i.v.m. die Christelike wetenskapsgedagte besonder insiggewend. Indien iemand 'n studie sou maak van 'n eenvoudige verskynsel soos 'n voëlnes terwyl hy nog nooit 'n voël gesien of iets van sy lewenswyse weet nie, sal hy dan ooit kan agterkom wat 'n voëlnes werklik is? Toegepas op die menssiening: hoe kan insig verkry word in die mens as daar geen kennis van sy Maker is nie?

Hoewel die sentrale vertrekpunt, is hierdie grondverhouding nie 'n probleemlose aangeleentheid nie. Weliswaar is daar eenstemmigheid oor die waarheid dat die mens deur God geskape is en daarom 'n afhanklike, nietige kreatuurlike wese is, onderworpe aan die wette van God in Wie hy leef en beweeg en sonder Wie hy nie kan bestaan nie. Net so weet almal uit die Skrif dat die mens geskape is na die beeld van God, maar probleme ontstaan byvoorbeeld rondom die vraag wat die beeld van God in die mens presies beteken. Sommige maak onderskeid tussen die beeld van God in ruimer en enger sin; vrae ontstaan oor die sg. oorblyfsels van die beeld van God in die vervalle mens en oor die opvatting dat die beeld van God nie die hele mens nie, maar slegs sy sg. hoëre geestelike bestaan raak. Oor die vraag in hoeverre die sonde die beeld van God aangetas het, praat L. van der Zanden bv. van die *wanbeeld* van die sonde as teëhanger van die oorspronklike beeld van God.

Ook H. G. Stoker het oor die beeld van God insiggewende en interessante opmerkings gemaak in die eerste deel van sy bekende *Oorsprong en Rigting*. Hy wys daarop dat die mens 'n „analogie" van God is wat afleibaar is uit verskillende fasette van sy menswees. God is die vrymagtige, die mens het skepselvryheid; God is die Absolute Skepper, die mens kan kreatuurlik skep; God is die Voorsienige, die mens kan kreatuurlik voorsien, vooruitsien en vooruitbeplan e.s.m. Hierdie analogieë wil hy dan saamvat onder enkele eenheids*beelde* soos die mens se kinds- en mandaatskapverhouding tot God. Hoewel interessant, is dit 'n vraag of 'n noukeurige eksegese van die Woord van God hierdie analogiesiening sal staaf. Is dít die bedoeling van die Bybel met „die beeld van God"?

Ons laat dit daar. Hoofsaak is in elk geval dat die mens primêr benader moet word uit sy verhouding tot God, in die lig van die feit dat hy *geskape* is, geskape as beeld van God, as mandaathouer van God op aarde – só dat hy met God welbewus, religieus veranker, gelowig kan lewe.

Maar dan weet ons ook uit die Heilige Skrif dat hierdie grondverhouding van die mens tot God radikaal deur die sondeval verbreek is, sodat hy van huis uit 'n gevalle, 'n totale bedorwe wese, 'n „kind van die toorn" geword het. Hoewel dus oorspronklik 'n hoë, adelike wese deur God met heerlikheid beklee, sien ons die mens tans in sy diepe gesonkenheid.

Maar die mens het ook genade van God in Christus ontvang. En deur wat gewoonlik genoem word die algemene of die weerhoudende genade van God, het hy nie 'n duiwel en 'n demoon geword nie, het God die deurwerking en die uitwerking van die sonde tog so gestuit dat die mens sy menslikheid behou het – al is dit dan van God af weggerig. In hierdie bedeling waarin God sy skepping dra in sy lankmoedigheid, het Hy sy Seun gestuur om verlossing en vernuwing in die mens te weeg te bring. En hierdie vernuwingsproses, wat begin in die wedergeboorte en deurwerk in geloof, bekering en heiliging en voltooi word in die heerlikmaking, is ook 'n proses waarin ons vernuut word na die beeld van Christus. Om dus te weet wat die mens is en waartoe hy bestem is, moet daar ook op Christus gelet word.

Uit hierdie religieuse diepte moet die mens benader word.

Voorts leer die Skrif dat die mens iets radikaal anders is as alle ander geskape lewende wesens. Die mens is 'n wese met die diepte van 'n *hart* in religieuse sin waaruit die uitgange van die lewe is, die hart waarvan God sê dat Hy dít aansien en nie die dinge wat voor oë is nie, die hart van die mens ten opsigte waarvan die oproep in die Skrif kom „gee my jou hart", waarin die Gees van God kom woning maak in die wonder van die wedergeboorte. Dit is dieselfde begrip wat Paulus op die oog het as hy praat van die inwendige mens – al vergaan my uiterlike mens ook, tog word die innerlike mens dag na dag vernuwe.

Oor hierdie innerlike mens, die hart, die geestelike sentrum, die selfheid en ekheid van die mens, kan die wetenskap uit homself niks weet nie. Hier moet ons deur God geleer word, want hierdie selfheid staan agter ons gedagtes, dit is hý wat dink, wat glo, wat liefhet, wat voel. Dit is hy wat sedelik leef of onsedelik verwilder.

In hierdie verband wil ons sydelings die sg. „onsterflikheid van die siel" ter sprake bring. Al is dit so dat die *hele mens* onsterflik is – daarom glo ons in die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe – is dit tog ook so dat as die mens se aardse tentwoning afgebreek word, hy nie in 'n sieleslaap of in 'n totale dood verkeer nie. Ons kan ons nooit vereenselwig nie met die gedagte „de doden weten niets" (C. Vonk). Die Skrif leer anders. Dat daar 'n *dualiteit* (nie 'n *dualisme* nie) bestaan tussen die onsterflike kern wat deur die eerste dood nie geraak word nie en die liggaamlike bestaan wat afgelê word by die eerste dood, dat daar 'n skeidingsmoontlikheid bestaan – hoe één die mens ook al hier in sy aardse lewe mag wees – is 'n geopenbaarde, Skriftuurlike waarheid wat nie omseil kan word nie. Paulus verwys hierna as hy praat van die doring in die vlees en verwys na 'n man in Christus veertien jaar gelede wat in die Paradys weggeruk is en dan sê hy: „of dit in die liggaam of buite die liggaam was, weet ek nie, God weet dit" (II Kor. 12 : 3). Dit is 'n duidelike erkenning van hierdie dualiteit en die feit dat die mens se selfheid, sy „ek", los kan bestaan van die afgelegde liggaam wat méér is as 'n „funksiemantel" (Vollenhoven).

Hierdie selfheid van die mens is ook meer as 'n konsentrasiepunt van die funksieverskeidenheid in die skepping. Dit is nie 'n paar modale funksies wat hier in 'n brandpunt saamgetrek word nie. Dit is die volheid van die geestelike inwendige mens waaruit die uitgange van die mens se lewe, die konkrete akte en handelinge divergeer sodat in die hart die rigting, of nog beter, die ontvanklikheid, die oopheid vir die Woord en die Waarheid en die Lig van God vir die mens gegee sal word deur die inwonende Gees.

Ons moet ook – veral met die oog op die verchristeliking van die wetenskap en die antropologie – aandag gee aan die liggaam waarin ons lewe, die tentwoning waaraan ons nou nog gebind is, die aardstydelike wyse waarop ons nou bestaan.

Hierdie menslike liggaam is baie meer as 'n bundeling materie of materiële natuurfunksies. Uit die ervaring kan empiries aangetoon word dat dit 'n vervlegtingsamehang van verskillende strukture is wat deur God op 'n wonderlike wyse saamgevoeg is en wel só dat die liggaam van die mens 'n uitdrukkingsveld kan wees vir die religieuse vryheid van die hart, siel of gees van die mens. En dit stel aan die menslike liggaam heel besondere eise. Dit is nie 'n dierelyf nie, ook nie maar net 'n aanvallige „lyfie" nie, ook nie 'n bondel spiere nie. Dit is 'n uitdrukkingsveld vir die religieuse vryheid van die diepste inwendige geestelike selfheid.

Met Dooyeweerd kan ons aan die liggaam van die mens vier strukture onderskei. Eerstens is daar die fisies-chemiese struktuur. Die menslike liggaam bestaan uit sekere elemente wat in die skeikunde bekend is en wat op 'n wonderlike wyse in die mens verbind is tot 'n substraat – beide wat die struktuur en die prosesse daarvan betref. Dink bv. aan die heel besondere wyse waarop hierdie fisies-chemiese bestanddele in die kern van 'n menslike sel in die protoplasma fungeer; aan die gesentreerde struktuur daarvan wat vanuit die kernsfeer al die wonderlike spesifiseringe en ontwikkelinge van die menslike liggaamlikheid moontlik maak; aan die besondere vorm wat hulle aanneem in kraakbeen, beenstruktuur, bloedselle, vel, hare en die verskillende weefsels bv. die molekulêre samestelling van die spiere van die mens.

Belangrik is nou om daarop te let dat al hierdie elemente op 'n bepaalde wyse in diens gestel, bruikbaar gemaak is sodat hulle die basis kan uitmaak vir die mens se liggaamlike aardse bestaan. Dit is die band met die stoflike heelal waarsonder hy as mens op aarde nie kan fungeer nie.

Daar is ook 'n legio prosesse wat op dieselfde wyse 'n basis uitmaak van die menslike bestaan. So vind daar in die menslike liggaam drie prosesse plaas wat in 'n gewone skeikunde laboratorium nageboots kan word. Dink bv. aan die fusie-proses waardeur die gasse deur die longblasies in die bloed opgeneem word en omgekeerd uitgeskei word in die asemhalingsproses. Dit is 'n gewone fisiese proses – hier diensbaar gemaak aan die lewe. Dink aan die proses van osmose deur die dermwande waardeur die opgeloste voedselsoute opgeneem word in die bloed en die mens gedurig gevoed word met daardie bestanddele waarsonder hy nie menswaardig kan lewe nie – eweneens 'n doodgewone fisiese proses, substraat vir die menslike liggaam. Dink voorts aan die verfynde filtreringsproses in die niere waardeur gifstowwe uitgeskei word. Ons het daagliks in ons groot stede te doen met die filtrering van ons watervoorrade, 'n gewone fisies-chemiese proses – en tog in die menslike liggaam 'n substruktuur, ingespan, diensbaar gemaak, onderworpe aan, gelei en ontsluit deur 'n tweede hoër liggaamstruktuur.

Die tweede liggaamstruktuur is naamlik die *biotiese* of *lewensorganiese* wat bogenoemde opbouings- en afbrekingsprosesse lei. Hier het ons te doen met biotiese impulse wat bepaalde bestanddele wat vir die menslike lewe dienstig is, opneem en distribueer en differensiasie in die organe te weeg bring. Hierdie biotiese impulse hang saam met wat Dooyeweerd genoem het die lewende organisme van die sel. Miskien moet die ruimer gestel word. Dit is 'n lewende organisme as sodanig wat hierdie benedestruktuur, die stoflike substraat, in sy diens neem maar wat terselfdertyd méér is as stof. Want as die mens sterf, verander daar op daardie oomblik aan die fisiese hoedanigheid van die opboustowwe niks nie. Tog gaan hulle oor in ontbinding, kan hulle nie meer in die biochemiese proses fungeer in diens van die lewe nie. Hulle het onder leiding gestaan van die biotiese impulse wat uitgaan van hierdie tweede liggaamstruktuur wat die mens ook, al is dit op menslike wyse, analoog het met plant en dier.

Derdens het die mens 'n *psigiese* struktuur. Hier dink ons aan sy gevoelige reaksiemoontlikhede; aan die hele sintuiglike toerusting met die sentrale senustelsel en ander senuweefsels wat hier ten dienste van die mens staan; aan daardie wonderlike toerusting, die *gemoed* van die mens, sy hoëre en laer gevoelsbelewenisse wat so spesifiek eie is aan die mens; aan wat ons vroeër in die sielkunde genoem het die *dranglewe*.

Wat laasgenoemde betref, verkies moderne sielkundiges weliswaar om te praat van motivering, maar dit is 'n te algemene term as dit op die mens van toepassing gemaak word. Daar is by die mens ook primêre, ingebore drange en behoeftes wat hy analoog het met die dier, maar soos die lewe die fisiese in diens neem en daarvan menslik en menswaardig gebruik maak, so neem die menslike psigiese die lewe in sy diens. Dink bv. aan die uitwerking van oormatige senuspanninge, gevoelsprikkeling en gevoelslosbandigheid op die vitale gesondheid van die mens; omgekeerd, aan watter geweldige invloed 'n korrekte gevoelsmatige ingesteldheid kan hê op die herstel van 'n sieke. Dit laat duidelik blyk hoe hierdie benedestrukture in diens geneem word deur die hoëre.

Nou kom ons by daardie struktuur wat naas en ondergeskik aan die religieuse sentrum (die siel of gees of inwendige mens), die mens verhef bo alle ander kreature. By gebrek aan 'n beter term gebruik ons, soos Dooyeweerd in sy antropologie, die term *akstruktuur* of die aktlewe van die mens. Hierdie aktlewe neem op sy beurt al die genoemde substrukture in sy diens en *rig* hulle sentraal vanuit die hart, gelei deur die geloof wat die mens bind aan die Woord van God. Die menslike akt en handeling wat daarmee gekoördineerd is, vind dus sy oorsprong in die hart waaruit die uitgange van die lewe is. Daarom is dit ook mý akt en mý handeling. Dit is ten diepste uit die religieuse bron gebore. (Daarom is die akte en die handeling van 'n wedergeborene in beginsel – let op: *in beginsel* – ánders gerig en ánders geaard as dié van 'n mens wat dood bly in die misdade en in die sonde.) Maar hierdie akte van die mens gaan uit na die wêreld buite hom. Dooyeweerd sê dit rig hom op stande van sake in die buitewêreld of in die verbeeldingslewe. So eien die mens vir hom daardie dinge toe deurdat hy hulle op sy sélfheid betrek en wel onder normatiewe gesigspunte – d.w.s. só

dat hy in die wyse waarop hy omgaan met die dinge waarop hy sy akte en handelinge rig, deur norme, deur maatstawwe gerig en gelei behoort te word. Hy rig hom dus op die stande van sake onder normatiewe gesigspunte en so eien die mens hulle vir hom toe.

Voordat ons oor hierdie normatiewe gesigspunte meer sê, herhaal ons weer: Die aktlewe van die mens rus op die substraat van die fisiese, die biotiese en die psigiese onderbou en kan daarsonder nie fungeer nie. Dit neem hierdie onderbou van die mens in sy diens, ontsluit dit, verdiep dit, maak dit menslik en menswaardig. M.a.w. bind ook dit aan normatiewe maatstawwe. Dit wil ons kortliks probeer verduidelik, weer eens met verwysing na die dranglewe van die mens. Maak bv. die seksuele drang en behoeftes van die mens los van die Godgegewe norme van die huweliksmoraal en die resultaat is 'n wellusteling, 'n bandelose mens. Sy instinkte, sy drifte en drange word nie soos die dier deur erflike patrone wat deur God in die dier ingeskape is, gerig nie. Hy moet gehoorsaam aan norme. Verbreek hy die norme, word die seksuele drang nie dierlik nie, maar *benede* dierlik. Hy word 'n ondier. Die mens het bv. ook 'n voedingsdrang en -behoefte. As hy dit nie normatief gebruik nie, kan hy 'n vraat word of hy kan homself deur oormatige gierigheid ondermyn. Hy kan ook onder leidig van norme selfs hierdie voedingsdrang in sulke bane lei dat hy bv. kan vas of hongerlei ter wille van godsdienstige en ander normatiewe ideale.

So sal 'n mens kan voortgaan om talle voorbeelde te noem waaruit blyk dat die menslike lewe nie net sentraal in die hart gegrond is nie, maar dat dit onder leiding staan van maatstawwe of norme: dat die aktlewe van die mens altyd vra om die *maatstaf*, die *so behore*. Dit is so in ons sosiale omgang en verkeer, anders is ons onbeskof en buffelagtig; in ons taalgebruik anders is ons onverstaanbaar en verward; in ons ekonomiese lewe, anders sal ons nie sorgsaam spaar en opbou nie; in ons etiese liefdeslewe, anders sal ons egoïste word en sal ons die liefde verwaarloos; in ons geloofslewe want ons moet daarin beantwoord aan die „so sê die Here Here".

So sou ons kon voortgaan om te wys op die normatiewe gerigtheid van die menslike aktlewe waardeur die hele liggaamstruktuur in beweging gebring en gebind word aan maatstawwe van „so behoort dit te wees". Dan eers is die mens waarlik menslik. Nou fungeer hierdie aktlewe in drie rigtings: kennend, willend en verbeeldend. Die *ken*rigting bring die mens in aanraking met die stande van sake om kennis te neem van *hoe hulle is*. Die *verbeeldingslewe* stel hom in staat om bokant die stande van sake uit te gaan en vryskeppend, binne sekere menslike perke, nuwe moontlikhede te skep. Ons hele kultuurprestasie rus daarop. Die *wil* bring ons in die aktlewe daartoe om volgens hierdie normatiewe beginsels wat ons lewe behoort te rig, te lewe en te handel. M.a.w. hier is drie rigtings wat onderling onlosmaaklik verknoop is.

In die verskillende rigtings waarin die menslike aktlewe fungeer, het hierdie drie rigtings voorts nie altyd in dieselfde sin die voorrang nie. As die mens met die estetiese besig is, is hy veral besig met skeppende werk en die waardering daarvan. Hierin het die vryskeppende kunstenaarsfantasie 'n leidende betekenis gehad. Weliswaar is die ken en die wil ook hier aanwesig – die kunstenaar moet met moeite hom inwerk in hierdie dinge en skeppingswerk kom ook nie sommer spontaan nie, dit vereis kennis en konsentrasie – maar die verbeeldingslewe staan sterk op die voorgrond.

Veronderstel dat die fantasie van die mens in die geloofslewe – om 'n tweede voorbeeld te noem – die leiding neem, is die resultaat spekulatiewe teologie en godsdiens. Hier behoort die kenlewe dus op die voorgrond te staan met die wil onlosmaaklik daarmee verknoop, want daar moet ook gehoorsaam word. Die hoofsaak is dat die enige waaragtige God en Jesus Christus wat Hy gestuur het, uit sy Woord geken sal word ooreenkomstig die bedoeling van die Gees van God wat die Woord geïnspireer het. As hier aan die verbeelding vryspel gegee word, word afgode geskep. Dan word die hart van die mens, soos Calvyn gesê het, 'n fabriek van afgode. Dan fantaseer hy vir hom 'n godsopenbaring volgens sy eie smaak. Dit is ironies dat daar rigtinge in die moderne teologie bestaan wat die Woord van God, uit watter gesigshoek nou ook al, wil *ontmitologiseer*. 'n *Mitiese bewussyn* is 'n bewussyn wat vasgevang sit in geloofsfantasieë, wat God se skeppingsopenbaring misdui; wat bv. sy heerlikheid in die son misdui tot sonaanbidding, sy heerlike Godsgedagte geopenbaar in die menslike verstand, tot rasionalisme ens. Dit is die mitiese bewussyn, die menslike fantasierigting in die geloof wat vir hom gode en 'n Godswoord *skep*. In werklikheid moet Gods ware Woord ons bevry van 'n mitologiese bewussyn. Nou gebruik ons ons mitologiesverknoeide bewussyn en Godsbesef om die ware Woord van God te ontmitologiseer! Daar spreek inderdaad 'n Heilige Goddelike ironie uit hierdie verwaande menslike pogings.

Ten slotte wil ons daarop wys dat die aktlewe van die mens ook 'n *bewuste* en 'n *onbewuste bó* en *onderlaag* het en dat die onderlaag o.i. oorspronklik bedoel was as steunvlak vir die bewuste bolaag om die kontinuïteit van die bewussynslewe te waarborg en te dra. As gevolg van die sonde en die daarmee samehangende verwarringe, raaiselagtighede, verbystering, problematiek, smartlikhede, skande en vernederinge met al die traumata wat dit teweegbring, het hierdie onderbewuste egter 'n *onbewuste* geword deur verdringing. 'n Freudiaanse Id as 'n oorspronklike skepping van God of 'n Jungniaanse argetipe in 'n kollektief-onbewuste wat evolusionisties ontstaan het, is in 'n Christelike antropologie nouliks voorstelbaar. Die sondevloek, die vervreemding van God is die oorsaak dat dit wat eers net 'n steunvlak was vir die bewuste, diep weggebêre is omdat ons dit nie meer kon hanteer nie.

Hierdie menslike aktlewe met sy norme kan oneindig verdiep en verruim word. As voorbeeld verwys ons na die logiese denke van die mens. Alle mense het 'n logiese denkvermoë, ook die mees naïewe – hoe beperk dit ook al mag wees. Maar die denke kan verdiep word tot sistematiese, begripsmatige, wetenskaplike denke. Dit kan verdiep word tot wetenskaplike taalgebruik en simboliek. Dit kan verdiep word deur denkkontak met die denkpatrone van die eeue en met dié van ander mense in die samelewing. Dit kan verdiep word tot denkekonomie wat die omslagtige en wydlopige uitskakel; tot denkbalans wat meebring dat alle aspekte van 'n saak raakgesien en nie net sommige daarvan nie; tot kritiese denke wat dit wat geldig is laat geld en dit wat in die denkverkeer nie geldig is nie, afwys – 'n soort van logiese regspraak. Dit moet verdiep word tot denkeerlikheid; dit moet in laaste instansie appeleer op die geloof: Sorg moet gedra word dat die regte sleutels van die kennis hanteer word, nl. skepping, sondeval en verlossing o.m. wat ook sal sorg dat die gelowige beskeie sal bly, skepselmatig en dat hy sal besef dat ook ons beste, diepste denke maar 'n *benadering* is van die volstrekte waarheid wat alleen in die Woord van God

aan ons gee is, wat die mens, ook die Christenmens en die Christen-wetenskaplike, wysgerige en teoloog net tot op sekere hoogte in hierdie bedeling kan benader. Net wat *God* gesê het is volstrek waar. So kan al die aspekte van die mens verdiep word en onder leiding van die verdiepte denke, die verdiepte liefde, reg, omgang en verkeer, ekonomie ens., kan die hele benedestruktuur van die mens dieper gelei en ontplooi word. Daar kan moontlikhede wakker word wat vantevore nooit bestaan het nie sodat die mens van God tot alle goeie werke in beginsel volkome toegerus kan word. *In beginsel* solank ons nog in die tentwoning is.

Hier lê die aanknopingspunt vir opvoeding en opvoedkunde. Al die moontlikhede wat in die normatief-georiënteerde, religieusgedrae en geloofsgeleide mens is, moet ontplooi word, moet tot volle en volwaardige menslikheid uitbot. Die mens moet gehelp word om die benedestrukture onder leiding te plaas en te laat normeer deur die hoëre menswees deur dit in laaste instansie te stel onder die leiding van die Christelike geloof op die wortel van 'n wedergebore, deur God begenadigde hart waarin die Gees van God sy woning gevind het. Dit moet geskied in die opvoeding (ook in ons hele beskawingsaktiwiteit) met inagneming van die eie-wettelikheid, moontlikhede en begrensinge wat in die benedestrukture van ons menswees gegee is wat ons o.a. ook probeer benader en vasstel met aanlegtoetse e.s.m. Dit is die taak van die praktiese en die teoretiese opvoedkundige om vas te stel *hoe* dit gedoen moet word. Hoe die mens volkome esteties ontsluit moet word, hoe hy tot 'n ware godsdienstige geloofslewe moet kom, ekonomies bruikbaar moet wees, moet besef wat in hierdie opsig sy roeping as mens is en hoe hy dit moet uitvoer op die waardigste wyse – duisenderlei vrae elkeen met sy eie metodiese problematiek. En tog sentreer alles om die sentrale vraag: *wie en wat is die mens?*

In hierdie uiters sketsmatige oorsig aangaande die mens en sy toerusting op aarde het ek nie probeer om 'n finale of 'n enigsins volledige Christelike mensbeeld te teken nie. My doel was om riglyne uit te stippel waarin ons gedagtes soekend en tastend moet voortgaan. Mag ek by hierdie geleentheid met 'n baie ernstige appèl na ons almal kom wat met hierdie taak besig is. Eerstens dat ons mekaar om Christus ontwil en ter wille van die saak waarmee ons besig is, nie te haastig sal afskryf nie. As ons gedagtes uiteenloop, moet ons weet dit is soekende en tastende skepselgedagtes wat 'n klein beginsel van die ware gehoorsaamheid het. Daar moet by ons die één drang wees om in dié Lig, die heerlike lig wat van bo ontsteek is, en wat aan ons gegee is uit genade en nie omdat ons knapper en verstandiger as ander kreature is nie, om in dáárdie Lig dié lig te sien. Ook oor die mens, en al die probleme wat sentreer rondom sy menswees, veral in hierdie verwarde en dolgeraakte tweede helfte van die 20ste eeu, waarin die duiwel miskien meer as by enige ander geleentheid rondgaan soos 'n brullende leeu. Laat ons mekaar se hande vashou en saam soek, volhardend soek, siende ook hier op die owerste Leidsman en Voleinder van ons geloof. As ons dit doen, sal ons – al is selfs ons beste werke in baie opsigte wegwerplik – iets presteer tot verheerliking van sy Naam. En vir ons sal dit meer as loon wees om hier nederig, al is dit nou ook maar handlangerswerk, te doen, stene te kap in die steengroewe van die Here, klei te versamel en aan te stoot vir 'n bouwerk wat die Koning van ons lewe welbehaaglik sal wees. Daar is verskille want die vrae is baie groot, maar ons beoog dieselfde saak. Die enigste voorwaardes is dat Gods Woord in sy eenheid, waarheid en gesag vir ons vas moet bly staan. Dan verwys ek nie na Gods Woord soos u of ek dit verstaan nie, maar soos die Heilige Gees van God dit werklik bedoel het. En ook hierna moet ons soek, wetende dat Hy aan ons gegee het die Gees as Leidsman in die waarheid en ook as Trooster in hierdie moeisame werk van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys.